

Wat is palliatiewe sorg?

Palliatiewe sorg is 'n benadering wat die lewensgehalte van pasiënte en hul gesinne verbeter wanneer iemand 'n lewensbedreigende siekte het, byvoorbeeld gevorderde borskanker. Die doel is dus om lyding te voorkom deur middel van vroeë identifikasie en deeglike assessering, en behandeling van pyn en ander probleme wat met die siekte verband hou, op 'n fisieke, psigososiale en geestelike vlak.




Wat is die hoofdoel van palliatiewe sorg?

Sorg word doeltreffend deur 'n multidisiplinêre span aangebied, byvoorbeeld 'n dokter, maatskaplike werker en verpleegpersoneel, almal kundiges op hul gebied. Die fokus is om die lewensgehalte van pasiënte met gevorderde siekte te verbeter. Hoe vroeër 'n pasiënt en sy/haar familie om hulp aanklop, hoe beter die ondersteuning. Palliatiewe sorg bied onder meer verligting van pyn en ander ontstellende simptome. Dit kan tesame met ander terapieë aangebied word wat bedoel is om jou lewe te verleng, soos chemo- of bestralingsterapie. Dit is nodig dat borskankerpasiënte en hul families ook die ondersoek en behandelingsprosesse verstaan wat nodig is om komplikasies te voorkom.



Hoe kan jy jouself voorberei vir dié sorg as jy met borskanker gediagnoseer is?

Sommige mense vind dit makliker om te praat en te beplan oor die pad vorentoe as hulle weet hul tyd is meer beperk as wat hulle aanvanklik gedink het. Die vraag wat jy jouself moet vra, is "wat beteken gehaltelewe vir my?". As ons 'n oop en eerlike gesprek met 'n pasiënt kan hê om hierdie vraag te beantwoord, kan die mediese span behandelingsopsies uitwerk om binne die raamwerk van die siekteproses aanpassings te maak. Jy moet steeds byvoorbeeld aan sosiale aktiwiteite kan deelneem, al het jy gevorderde borskanker. Dit gaan daaroor dat jy maniere moet vind om beheer oor jou lewe te neem en ingeligte besluite te neem.



Wat behels dié sorg? Hoe lyk die behandeling?

Palliatiewe sorg is 'n benadering, eerder as 'n behandeling. Deel hiervan is dat daar baie simptome kan voorkom by pasiënte met gevorderde borskanker. Borskanker is geneig om na die been, longe, brein en lewer te versprei. Die simptome daaraan verbonde veroorsaak soms onder meer pyn, moegheid, angstigheid, depressie, verarring, kortasem en geelsug. 'n Kenner van palliatiewe sorg is hierop voorbereid en sal dus ondersoek doen en behandelings voorskryf wat hierdie simptome vroeg opspoor, behandel en tot die minimum beperk. Die belangrikheid van 'n mediese spanbenadering kan nie genoeg beklemtoon word nie, want dit is, soos voorheen genoem, nie net die fisieke simptome wat hanteer word nie, maar die psigologiese komplikasies wat hiermee gepaard gaan. Soms het pasiënte aan die einde van die siekteproses voltydse sorg nodig, en dit is ook belangrik om vroeë tyd hiervoor te beplan. Wanneer daar byvoorbeeld befondsing van 'n mediese fonds verkry moet word, neem dit 'n paar dae. Dit is dus beter om vroeër, eerder as later, daarvoor aansoek te doen.

Bron: Petra Fordelmann, Creative Wellness Saamgestel deur: Tasneem van Rooyen Grafika: Lionel October

Is daar enige wanopvattinge oor palliatiewe sorg?

Die grootste wanopvatting is dat palliatiewe sorg gelyk is aan die einde van jou lewe. Palliatiewe sorg kan al aan die begin van behandeling aangeraak word. Dit kan begin met slegs ondersteuning en baie mense vind emosioneel baie baat hierby. Dit is beslis nie net vir persone wat bedlënd en sterwend is nie, allermins. Die fokus is op optimale gehaltelewe.

Palliatiewe sorg is nie net vir kankerpasiënte nie, maar enige persoon met 'n ongeneeslike siekte.

Dit hoef ook nie in 'n hospitaal of hospies toegepas te word nie, dit word al hoe meer geredelik tuis gedoen. Die fokus van die palliatiewe mediese span is grootliks nou in die gemak van 'n pasiënt se huis, met die geliefdes as deel van die besoek.

Daar is al heelwat navorsing gedoen oor die rol van palliatiewe sorg in kankersorg en die uitkomst is dit almal eens: 'n pasiënt wat vroeg na sy diagnose die palliatiewe sorg-benadering betrek, selfs al is daar steeds aktiewe behandeling, se uitkomst is beter as dié wat dit nie doen nie.



ADVERTENSIE | MEDWELL SA

Tuissorg fokus op al pasiënt se behoeftes

Verliggende of palliatiewe sorg is 'n benadering tot sorg met die klem op die lewensgehalte van 'n pasiënt en sy of haar familie ná diagnostisering van 'n lewensbeperkende siekte, soos byvoorbeeld kanker.

Medwell SA se fokus vir palliatiewe sorg val op die fisiese, psigiese, sosiale en geestelike aspekte van sy pasiënte.

Versorging bly pasiënt-gedrewe met deurlopende kommunikasie tussen die pasiënt, familie en multidisiplinêre span betrokke (soos die onkoloog, algemene praktisyn, maatskaplike werker en terapeute), met wedersydse ooreenstemming oor sorgdoelwitte en behandelingsopsies.

Medwell SA verskaf dienste in die gemak van die pasiënt se eie, bekende omgewing. Die personeel is opgelei in palliatiewe sorg en streef daarna om



die pasiënt en familie deurlopend op alle vlakke te ondersteun en sodoende sorg volgens die persoonlike en kliniese behoeftes van die pasiënt te lewer. Medwell SA beskik oor 'n praktyknommer vir mediese fonds-eise. Sy dienste sluit konsultasies, berading, kliniese evaluering en terminale sorg in.

Medwell SA verskaf dienste in die noordelike en suidelike voorstede van Kaapstad en omliggende gebiede, die Helderberg en Overberg, Tuinroete, Port Elizabeth, KwaZulu-Natal, Bloemfontein en Gauteng.

Vir meer inligting skakel Medwell SA se Wes-Kaapse kantoor by 021 949 7588 of besoek www.medwell.co.za.

ADVERTENSIE | CREATIVE WELLNESS

Creative Wellness ondersteun kankerlyers in tyd van nood

Borskankermaand herinner ons weer daaraan dat dié siekte verskeie fasette het. Daar is soms soveel vroeë wat onbeantwoord bly en waaroor daar twyfel bestaan.

Die twyfel word ongelukkig dikwels beklemtoon deur vals artikels op die internet en leke se opinies op sosiale media.

Die pasiënte en families moet beslis verseker dat hulle inligting slegs van waarde sal sien indien daar ondersteunende navorsing (met die klem op kredietwaardige navorsing) is wat met die inligting gepaard gaan. Creative Wellness is nie net 'n verpleegagentskap wat op terminale kankersorg fokus nie, maar bied ook ondersteunende dienste aan.

Indien 'n pasiënt sukkel om inligting te verwerk of ingeligte besluite te neem, sal hulle die pasiënt ondersteun en help om die inligting in te win, te absorbeer en te verwerk. Daar

is 'n span verpleegkundiges, asook maatskaplike werkers wat aan pasiënte ondersteuning bied.

Wanneer 'n pasiënt in die laaste fase van die siekte beweeg, is Creative Wellness weereens gereed om te help met raad, bystand en sorg.

Dit is jammer dat sommige pasiënte die proses uitstel om hulp te vra in die begin van die palliatiewe fase. Dit is juis hier waar die palliatiewe span betrokke moet raak.

Creative Wellness se personeel is opgelei en het jare se ondervinding in die ondersteuning van die pasiënt en familie, en die hantering van die verpleegbehoefte. Hulle lewer dienste in Kaapstad, George, Oudtshoorn, Plettenbergbaai, Worcester, Port Elizabeth, Bloemfontein en verskeie ander kleiner dorpe in die Wes- en Suid-Kaap. Skakel hulle by 021 982 8972 vir meer inligting.



SPECIALISTE IN TUISVERPLEGING



Medwell SA
Home Nursing and Care Specialists

- BESTUURDE TUISVERPLEGING • STOMASORG • WONDSORG
- KANKERSORG • TUISVENTILASIE
- PALLIATIEWE/TERMINALE SORG • DEMENTIA- & ALZHEIMERSORG
- SUURSTOF TERAPIE • INTRAVENEUSE TERAPIE • POST-OPERATIEWE SORG
- VERPLEEGPROSEDURES • AFTREEOORD-KONSULTASIES
- VERSWAKTESORG-FASILITEITSBESTUUR



www.medwell.co.za

KAAPSTAD (STREEKKANTOOR): 021 949 7588 • PRETORIA (HOOFKANTOOR): 0861 333 230 / 012 347 8344 • TUINROETE (GEORGE): 044 874 6490
PLETTENBERGBAAI: 066 471 8898 • PORT ELIZABETH: 041 363 9962 • OVERBERG (ONRUS): 028 316 3658 • info@medwell.co.za

Dienste ook beskikbaar in Gauteng, Limpopo, Bloemfontein, KwaZulu-Natal, Tuinroete, Overberg, Kaapstadse Skiereiland en omgewing.